# Ons Streef

om met die liefde van Christus, inklusief, uit te reik oor grense heen . . .

’n Fokusprogram waartydens ons die gemeente se visie in ons eie lewens verskerp.

STELLENBERG GEMEENTE

*Oor grense heen*

# Inleiding oor die reeks

Ons almal streef na "iets" en ons leefwêreld wemel van idees en voorbeelde waarna ons kwansuis moet streef om gelukkig, suksesvol, of ryk te wees, al is dit net dat jy die nuutste foon moet hê, of die nuutste reeks moet kyk sodat jy nie iets misloop nie.
In ons gemeentebelydenis lyk streef egter so:

**Ons streef**
om met die liefde van Christus, inklusief, uit te reik oor grense heen . . .

- na mekaar in ons geloofsgemeenskap, ongeag ons verskille;
- na die mense in ons werkplek, buurt en breër gemeenskap;
- na alle mense in ons land, asook wêreldwyd;
- na Moeder Aarde en alle vorme van lewe.

Ons nooi jou om die volgende ses weke saam met ons te reis en te ontdek hoe dit waarna ons streef, die rigting van ons lewens bepaal en hoe ons kan leer om te streef na wat werklik belangrik is. Ons ondersoek ons gemeente se visie, met James Smith se werk *Desiring the Kingdom* as onderbou.

Ons noem hierdie tydperk ons Fokusprogram omdat die hele gemeente met dieselfde materiaal delf in die ware betekenis van om doelgerig te strewe na innerlike geluk en sielsvrede. In Augustus en September fokus ons ook op Barmhartigheid en die Skepping, wat deel vorm van hierdie belangrike doelwit.

Ons nooi jou om in hierdie fokustyd deel te neem op die volgende maniere:

- Woon Sondageredienste by
- Sluit aan by 'n bestaande kleingroep, of nooi 'n paar mense om deur die week saam die materiaal te bespreek
- Woon spesiale geleenthede by (hou ons webwerf en afkondigings dop)
- (her)Verbind jou om uit dankbaarheid finansieel tot die gemeente se bedienings by te dra deur 'n maandelikse dankoffer, 'n eenmalige bydrae of 'n debietorder.

Mag ons gemeente in hierdie tyd opnuut leer om te streef om met die liefde van Christus, inklusief, uit te reik oor grense heen . . .

# Inhoudsopgawe

Week 1: ons STREEF
'n Mens leef in die rigting van jou begeertes — Bl 4

Week 2: ONS streef
Deel van 'n gemeenskap wat ons vorm — Bl 6

Week 3: om met die liefde van Christus
Oefen om lief te hê — Bl 8

Week 4: Van Sondag tot Saterdag
Die liturgie van streef - praktyke wat ons vorm — Bl 10

Week 5: Inklusief uit te reik
Praktyke van inklusiwiteit en versoening — Bl 12

Week 6: Oor grense heen
Neem deel aan God se sending - Missio Dei — Bl 14

# *Week 1:* ons STREEF

*'n Mens leef in die rigting van jou begeertes*

In die bekende filmreeks *Pirates of the Caribbean*, is daar 'n Kompas. Hierdie Kompas wys nie noord nie, maar in die rigting van dít wat jy die graagste wil hê. Nie dit wat jy dink jy wil hê nie, maar die diepste begeerte van jou hart. Om te kry wat jy begeer, moet jy net die kompas volg. Dit sou lekker wees as ons almal so een kon hê.

Maar eintlik het ons elkeen so 'n Kompas. Dit is jou hart.
Jy lewe in die rigting van waarna jou hart streef.

Spreuke 4:23 sê dit die beste:

*"Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan,*
*want dit bepaal jou hele lewe."*

Waarna jy streef, bepaal in watter rigting jy leef.

Dikwels leef ons begeertes nie in ons bewussyn nie, maar in ons onderbewussyn. Ons beweeg in die rigting van ons begeertes sonder om bewus te wees wat dit is waarna ons streef. Daarom is dit belangrik om bewus te word van wat werklik in ons harte omgaan, waarna ons regtig streef en toe te laat dat die Here ons harte vorm om te streef na die koninkryk van God.

*Gesels saam:*

*Welkom*

**Gooi 'n dobbelsteen en beantwoord die vraag waarop jy land.**

1. As jy na enige plek in die wêreld kon reis, waarheen sou jy gaan?
2. As jy saam met enige iemand middagete kon geniet en gesels, wie sou dit wees?
3. As jy die Lotto wen, wat sal jy met die die geld doen?
4. As jy enige van jou herinneringe weer kon herleef, wat sou dit wees?
5. As jy enige taal kon leer praat, watter taal sou jy wou praat?
6. As jy enige dier as troeteldier kon hê, wat sou dit wees?

## Wonder

**Lees Matteus 6:19-21; 25-34.**
Gesels saam:

- Watter woord of gedagte staan vir jou uit? Wat is vir jou bemoedigend en wat is uitdagend?
- Wat dink julle bedoel Jesus wanneer Hy sê: "Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar"
- Kyk weer na die sinnetjie "Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees" (1983-vertaling). Wat is die 'skatte' in jou lewe? Wees eerlik – wat kom jy agter is vir jou die belangrikste?
- Kyk weer na die frase "soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid" (1953-vertaling). Wat dink jy beteken dit om te soek/streef na dié koninkryk?

## Wees

*"Pay attention to what you pay attention to"*
*"Die dinge wat ons doen, doen iets aan ons"*

Neem 'n oomblik om neer te skryf hoe jou tipiese Maandag lyk. Wees so spesifiek moontlik en probeer dink aan die klein goedjies waaraan jy jou aandag skenk.
Kyk na die lysie wat jy neergeskryf het. Sit 'n + langs elke item wat jy dink jou kan help vorm om te streef na die koninkryk, 'n '-' langs elke item wat jou kan vorm om iets anders as om die koninkryk na te streef en 'n '=' langs elkeen wat neutraal is.

Gesels oor wat elkeen neergeskryf het.

Wat wil jy die week in jou week inbou om jou te help streef na die koninkryk? Dalk kan jy dit koppel aan iets wat jy alreeds doen. Skryf dit neer en wees spesifiek, bv.: "Elke keer as ek my foon oopmaak, gaan ek eers vir 'n oomblik rondom my kyk en vir die Here dankie sê vir een ding wat ek raaksien".

## Wegstuur

Bid hierdie gebed van Ignatius van Loyola om mee af te sluit. Een persoon kan dit bid, of die hele groep kan dit hardop saam bid:

Neem Heer, en ontvang al my vryheid, my geheue, my verstand en my volle wil, alles wat ek het en besit. U het alles vir my gegee. Aan U, O Heer, gee ek dit terug. Alles behoort aan U – doen ten volle daarmee wat U wil.
Gee my net u liefde en u genade, want dit is genoeg vir my.

# *Week 2:* ONS streef

*Deel van 'n Gemeenskap wat ons vorm*

***"Ubuntu"*** *– Ek is omdat ons is.*

***"Ar scáth a chéile a mhaireann na daoine"***
*In die skuilte van mekaar – leef 'n mens.*

***"It takes a village to raise a child"***

***"Want soos ons baie ledemate in een liggaam het, en nie al die ledemate dieselfde funksie vervul nie, net so is ons, al is ons baie, een liggaam in Christus, en individueel lede van mekaar."*** *– Romeine 12:4-5 (2020-vertaling)*

Mense is gemaak om as 'n gemeenskap saam te leef. In verskeie kulture regoor die wêreld is daar 'n besef dat die gemeenskap waarin ons leef 'n onlosmaaklike deel van ons identiteit is. Om 'n Christen te wees, beteken om deel te wees van 'n gemeenskap van gelowiges. Ons bely dit in die Apostoliese Geloofsbelydenis: "Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges". Die belydenis van Nicea, wat 'n uitbreiding op die Apostoliese Geloofsbelydenis is, vervang die "Ek glo" selfs met "ons glo". Ek kan eintlik nie op my eie glo nie, maar ONS glo, en leef, en streef, as 'n gemeenskap van gelowiges.

Die gemeenskap waarvan ons deel is, vorm ons. Daarom is dit nie net belangrik om daarop te let dat jy deel van 'n gemeenskap is nie, maar ook hoe jy deel van 'n gemeenskap vorm.

Die gemeenskap van gelowiges is vervleg met ander gemeenskappe wat ons ook help vorm. By die winkelsentrum word ons gevorm om op 'n spesifieke maniere te verbruik en te streef na meer materiële besittings; langs die sportveld word ons gevorm om op 'n spesifieke manier te presteer en te streef na sukses.

Om deel te wees van die gemeenskap van die heiliges, beteken dat ons op 'n spesifieke manier 'n gemeenskap vorm en dit hervorm ons harte om te streef na die koninkryk van God.

## Welkom

Deel met mekaar hoe die gemeenskap gelyk het waarin jy grootgeword het en wie deel was van jou gemeenskap. Hoe vergelyk dit met die gemeenskap waarin kinders vandag grootword?

## Wonder

**Lees Filippense 2:1-11**

Gesels saam:

- Kyk weer na vers 1-4.
  - Het jy al voorbeelde van so 'n gemeenskap beleef?
  - Hoe naby of hoe ver dink jy is jou huidige gemeenskap aan die gemeenskap wat hier beskryf word?
  - Wat dink jy beteken die woord "eensgesind" as deel van 'n gemeenskap? Hoe verskil dit van woorde soos "eenders" of "eenvormig"?
- Kyk na vers 6-11
  - Kyk na die woorde wat in die eerste helfte oor Jesus geskryf word: leeggemaak | slaaf | gelyk | verneder | gehoorsaam. Hoe sal 'n gemeenskap prakties lyk wat Jesus se voorbeeld nastreef?

## Wees

*Kyk die volgende video:*

*Trevor Noah gesels oor die idee van 'n village wat verlore raak en teruggekoop moet word in 'n Westerse samelewing. Hoe dink jy is hierdie van toepassing op die gemeenskap waarvan jy deel is? En die gemeenskap van die kerk?*

*Lees die volgende gedig saam:*

*Hoe dink jy is die gedig van toepassing op die gemeenskap waarvan jy deel is?*

## Wegstuur

Dink saam aan 'n praktiese manier hoe julle Jesus se voorbeeld kan volg om 'n gemeenskap te wees. Dalk wil julle iemand na die volgende gemeentebraai nooi wat alleen is of nie self iets kan saambring om te eet nie. Dalk wil julle as groep saam MES besoek en haweloses bedien. Dalk wil julle doelbewus Sondag na kerk met mense gesels wie se name jy nie ken nie.

Deel ook hoe julle mekaar in gebed kan ondersteun dié week en sluit af deur saam te bid.

# Week 3: om met die liefde van Christus

*Oefen om lief te hê*

*Die koninkryk van God is 'n koninkryk van liefde.*

*Wanneer ons streef na die koninkryk word ons beweeg tot groter liefde vir ander. Die heel bekendste opdrag is die opdrag om lief te hê. Is dit nie 'n bietjie vreemd dat mense 'n gebod nodig het wat sê dat ons mekaar moet liefhê nie? Die blote feit dat hierdie opdrag nodig is, sê dat ons in 'n wêreld leef waar mense nie altyd liefde uitleef nie. Ons het nodig om herinner te word om in liefde te leef.*

*Die wêreld leer ons om te streef na wat die beste vir myself is – hoe ek 'n suksesvolle lewe vir myself en my mense kan verseker (gewoonlik ten koste van ander). Ons word gevorm om ander te sien as kompetisie of selfs gevaar. Christus nooi (beveel) ons om 'n lewe met groter liefde vir ander te lei – oor grense heen!*

*Hierdie liefde kom nie net outomaties nie. Dikwels dink ons aan liefde as 'n emosie, as iets wat spontaan gebeur. As liefde 'n opdrag is, is liefde nie primêr 'n emosie nie, maar 'n keuse. 'n Keuse wat uitgeoefen en ingeoefen word in 'n gemeenskap wat gelowiges voortdurend uitdaag tot groter liefde vir mekaar.*

*Jesus is vir ons die voorbeeld van hierdie opofferende liefde.*

*Hoe kan ons as geloofsgemeenskap mekaar aanspoor tot groter liefde, sodat die wêreld kan sien dat ons Jesus se dissipels is?*

## Gesels saam:

### Welkom

Deel met mekaar wat is vreemde reëls of inligtingsborde/tekens wat jy al teëgekom het? Iets wat jou dalk laat wonder het, wat gebeur het dat hierdie reël/bordjie nodig is?
Wat (in die week wat verby is) het jou geliefd laat voel?

# Wonder

**Lees Johannes 13:34-35**

Gesels saam:

- Wat beteken die woord 'liefde' vir jou? Hoe weet jy dat iemand vir jou lief is?
- Jesus gee vir sy dissipels 'n nuwe gebod: "Julle moet mekaar liefhê". As jy aan die woord 'mekaar' dink, wie is gewoonlik deel van 'mekaar'? Wie dink jy is almal vir Jesus deel van 'mekaar'?
- Jesus sê: "Dit is hoe almal sal weet dat julle my dissipels is – as julle liefde teenoor mekaar het." Hoe dink jy lyk die tipe liefde wat mense duidelik laat sien dat jy vir Jesus volg? Dink jy Christene word vandag in die eerste plek gekenmerk deur hul liefde vir ander mense, of dalk vir iets anders?

**Lees 1 Korintiërs 13:1-7**

Gesels saam:

- Moeder Teresa het gesê: *"I am not sure exactly what heaven will be like, but I know that when we die and it comes time for God to judge us, He will not ask, 'How many good things have you done in your life?' rather He will ask, 'How much love did you put into what you did?"* Dink aan jou normale weeksdag. Hoeveel van wat jy doen word aangedryf deur liefde?
- Paulus noem 'n klomp eienskappe wat liefde is en wat liefde nie is nie. Watter van die eienskappe kom vir jou maklik en wat is uitdagend?

# Wees

*Kyk na die 'Streef'-gedeelte van Stellenberg se belydenis:*

*Ons streef om met die liefde van Christus, inklusief uit te reik oor grense heen . . .*

- *na mekaar in ons geloofsgemeenskap, ongeag ons verskille;*
- *na die mense in ons werkplek, buurt en breër gemeenskap;*
- *na alle mense in ons land, asook wêreldwyd;*
- *na Moeder Aarde en alle vorme van lewe.*

*Elkeen van hierdie punte kan beskryf word as 'mekaar', wat soos sirkels oorvleuel en uitkring. Gesels oor hoe die liefde van Jesus vir julle prakties lyk in elkeen van hierdie plekke.*

*Besluit op een manier om liefde te wys en wat jy hierdie week wil inoefen.*

# Wegstuur

Een manier om mekaar lief te hê, is om mekaar te ondersteun in gebed. Deel enige iets met mekaar waarvoor julle gebed sal waardeer. Skryf almal se versoeke neer en sluit af deur vir mekaar te bid. Maak 'n ook 'n punt daarvan om deur die week vir mekaar te bid. Jy kan selfs vir hulle 'n boodskap stuur om eenvoudig te sê jy bid vandag vir hulle.

# Week 9: Van Sondag tot Saterdag

*Die liturgie van streef - praktyke wat ons vorm*

Die liturgie van die erediens gee vir ons praktyke vir ons lewe wat ons harte vorm om gerig te wees op die koninkryk van God.

Die sakramente en erediensrituele gebeur nie net by die kerk nie, maar help ons om daagliks anders te leef. Hierdie praktyke raak dan ons eie liturgie van die lewe.

In Romeine 12 begin Paulus praat oor hoe ons die evangelie uitleef. Ons beleef die evangelie, sê hy in 12:1, deur te reageer op die groot ontferming, die groot genade, die beweging van God na ons toe. Ons doen dit deur onsself as lewende offer vir God te gee.

Ons doen dit ook deur die lewenstyl aan te kweek wat pas by die groot geselskap van God waarin ons nou leef. Ons leef nie gelyk aan die patrone en style van die sondige wêreld nie, maar laat God toe om ons denke te vernuwe (12:2).

## Gesels saam:

## Welkom

Dink vir 'n oomblik na oor die verskeie elemente en verloop van 'n erediens. Watter ritmes tydens 'n diens is vir jou spesiale hoogtepunte en bied vir jou persoonlik diepe betekenis?

-Votum/Aanvangswoorde
-Seëngroet
-Lof en Aanbidding
-Stilte
-Die wet
-Skuldbelydenis
-Vryspraak/Genadeverkondiging
-Verbintenis/Toewyding
-Geloofsbelydenis
-Skriflesing
-Gebede
-Vredesgroet
-Sakramente van doop & nagmaal
-Getuienisse
-Offergawes
-Lief & Leed
-Seën

## Wonder

**Lees Romeine 12:1-21**
Gesels saam:

- Watter emosie wek die teks in jou?
- Wat skep die teks by jou: Opsies? Bring dit hoop? Maak dit vry? Daag dit jou uit? Gee dit vir jou rigting? (Kies een van die bogenoemde en vra die vraag hoekom?)

## Wees

*Sing hierdie ou bekende lied saam en bly nadink oor hierdie kosbare woorde:*

*Weet jy nie, weet jy nie, jy's 'n tempel?*
*Weet jy nie, weet jy nie, jy's 'n tempel?*
*Weet jy nie, weet jy nie, jy's 'n tempel?*
*Jy is 'n tempel van die Heil'ge Gees.*
*Vol van lof, vol van krag, vol van vreugde,*
*Vol van lof, vol van krag, vol van vreugde,*
*Vol van lof, vol van krag, vol van vreugde,*
*Jy is 'n tempel van die Heil'ge Gees.*
*Ja ek weet, ja ek weet, ek's 'n tempel.*
*Ja ek weet, ja ek weet, ek's 'n tempel.*
*Ja ek weet, ja ek weet, ek's 'n tempel.*
*Ek is 'n tempel van die Heil'ge Gees*

*Of luister Hier is u Kerk van Neil Büchner en Jandré Viljoen en dink/gesels oor wat die lied vir jou beteken.*

## Wegstuur

Saam gee ons onsself as lewende offers aan God (12:1).
Ons leer om die ou lewe met sy waardes af te sterf, en in te pas in die nuwe patroon van lewe in die nuwe wêreld en gemeenskap wat God skep (12:2).
Ons nuwe lewe in 'n lewe in gemeenskap: met God en met mekaar. Ek is nou deel van die liggaam van Christus, waarin ek myself ook gee aan medegelowiges ooreenkomstig die gawes wat God aan my gee. (12:3-5).
Hierdie lewe is een van konkrete diens, waarin ek met my gawes meewerk aan die diens van God en vir mekaar (12:6-8).

Paulus spel 'n lang lys van kenmerke van só 'n nuwe lewe/denkwyse uit (Rom 12:9-21). Dit is só 'n omvattende lysie dat dit die moeite werd is om dit uit te druk en op jou motor se stuurwiel te plak sodat jy dit kan lees voor jy ry, en as jy by die robot stilhou en as jy by jou bestemming aankom (Deut. 6:6-9 vir vandag!).

# Week 5: Inklusief uit te reik

*Praktyke van inklusiwiteit en versoening*

Wanneer ons streef na die koninkryk van God, word ons begeertes en sosiale verhoudings herformuleer.

Ons streef na inklusiwiteit.

Hoe reik ons uit na mense wat anders is?

Wat is die praktyke van inklusiwiteit in die gemeente?

Hoe neem ons deel aan versoening?

Die kruis gee ons 'n nuwe identiteit wat alle grense oorskry en mense tot 'n eenheid bind.

## Gesels saam:

## Welkom

Inklusiwiteit en versoening lê sentraal in die hart van die evangelie van Jesus Christus. Dit gaan nie net oor vriendelike gasvryheid nie, maar oor die radikale manier waarop God mense van verskillende agtergronde, kulture, statusse en geslagte bymekaarbring as één nuwe gemeenskap in Christus.

Die tema roep ons dus op tot inklusiewe uitreik: om doelbewus na "die ander" uit te reik, vyandskap af te breek en praktiese versoening te beoefen in ons kerke, families en samelewing.

Neem 'n oomblik en dink aan iemand in jou lewe (of gemeenskap) wat baie anders is as jy – in kultuur, taal, ouderdomsverskil, agtergrond, politieke siening of sosiale status. Stel jou voor hoe dit sou voel om saam met daardie persoon by dieselfde tafel te sit as volle gelykes, sonder enige muur tussen julle. Bid kortliks: "Here, help my om te sien soos U sien – een in Christus." Dit berei jou hart voor om die Skrif met oop oë te lees.

## Wonder

**Lees Galasiërs 3:28 en Efesiërs 2:11-22**
Gesels saam:

- Watter “mure” van skeiding bestaan nog in my hart, my kerk of my gemeenskap (ras, klas, taal, politiek, generasies, geslag, vorige seer)?
- Waar voel ek self soos ’n “vreemdeling” of “bywoner”, en waar behandel ek ander so?
- Hoe verander die kruis spesifiek my verhouding met mense wat ek as “ver” of “anders” beleef?
- As ons werklik “één nuwe mensheid” in Christus is, hoe behoort dit ons manier van verwelkom, luister en saamwerk te verander?
- Watter vrese of vooroordele verhinder my om inklusief uit te reik?

## Wees

Teken of skryf die woorde “Één in Christus – die muur is afgebreek” op ’n kaartjie of prentjie. Plaas dit op jou yskas, spieël of lessenaar. Of maak ’n eenvoudige armband of sleutelhouer met die woorde “Oor grense heen”. Elke keer as jy dit sien, herinner dit jou aan God se versoening en spoor jou aan om dit na te volg.

## Wegstuur

Doen een doelbewuste inklusiewe daad van versoening of verwelkoming. Dit kan wees:

- Nooi iemand wat anders is as jy (generasiegaping, kultureel, sosiaal of andersins) vir koffie of ete en luister sonder om te oordeel.
- Reik uit na iemand met wie jy of jou groep in die verlede spanning beleef het – ’n boodskap van versoening of bied aan om iets saam te doen.
- In jou kerk of groep: Maak seker dat nuwe mense (veral van ander agtergronde) nie ongesiene bly nie – gaan sit by hulle en leer hulle ken. Spandeer tyd saam met mense, ongeag die ouderdomsgroepe en leer mekaar.

Mag die Heilige Gees jou help om hierdie week prakties te leef wat jy in Christus reeds ervaar: deel van één nuwe familie waar ons oor grense uitreik na mekaar. Gaan in vrede en reik inklusief uit!

# *Week 6:* Oor grense heen

*Neem deel in God se sending - Missio Dei*

In dié gedeelte van Matteus 28:16-20, bereik die Evangelie 'n klimaks met die beklemtoning van Jesus se mag, die taak van die dissipels (die kerk) en die toekomsgerigte betekenis hiervan. Hoewel dit deel vorm van die laaste gesprekke wat Jesus met sy dissipels gehad het, is dit inhoudelik nie eintlik 'n afskeidsrede nie, want dit toon 'n verrassende gerigtheid op die toekoms.

Tog moet ons verstaan hoe vreemd hierdie gesprek vir die dissipels moes gewees het. Net 'n paar dae vantevore het hulle afskeid geneem van Jesus, en hier staan Hy weer in mensevorm voor hulle. Die tweeledige reaksie van die dissipels, naamlik aanbidding en twyfel, is dus heeltemal verstaanbaar.

"Ons glo in 'n bewegende God, Hy stuur sy Seun, Jesus stuur sy Gees, die Gees stuur ons . . ." God neem die inisiatief en beweeg na mense toe. Watter ander voorbeelde kry ons hiervan in die Bybel?

# Welkom

Neem 'n slimhorlosie of 'n selfoon wat treë kan tel. Gee vir elke persoon in die huis 'n beurt om die toestel vas te hou en 15 sekondes lank op een plek te hardloop. Kyk hoeveel treë elkeen gehardloop het. Wie kon die meeste treë in 15 sekondes hardloop?

Dit is vreemd dat ons so baie treë kon gee sonder om van een plek na 'n ander te beweeg. Vandag se verhaal gaan oor aksie en beweeg; nie oor om op een plek te staan en hoop vir die beste nie.

# Wonder

**Lees Matteus 28:16-20 en Markus 10:45**

Gesels saam:

- Watter werkwoorde sien jy in die teks raak? Werkwoorde het te doen met handelings; dinge wat gedoen moet word. Watter dinge, volgens hierdie teks, moet ons as gelowiges doen?
- Watter "grense" sien jy in jou eie lewe, gemeente of gemeenskap wat God wil hê dat jy moet oorsteek (kultureel, sosiaal, ekonomies, taal, generasie, vooroordele, ens.)?
- In watter opsig was die dissipels self "grensmense"? Wat leer ons daaruit?
- Waar sien jy vandag dat die kerk nog sukkel om grense oor te steek? Wat is die gevolge daarvan?
- As hy hierdie opdrag persoonlik sou toepas, watter een ding sou vir jou die moeilikste wees om te doen? Hoekom?
- Watter gawes, passies of geleenthede het God in jou groep geplaas wat ons kan gebruik vir dissipelmaking?

# Wees

Baie van ons het al by padwerke gewag waar daar stop/ry-padtekens is. Maak saam so 'n teken as herinnering dat ons soms redes soek om te stop, maar God stuur ons om te gaan.

# Wegstuur

Kyk hoeveel stoptekens julle hierdie week raaksien. Elke keer dat julle 'n stopteken sien, herinner mekaar dat God sê: "Gaan!"

Waar sien jy dat God grense in ons land/wêreld oorsteek? Hoe kan ons daarby aansluit?

# Notas: